DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie NUUSBRIEF

DIT IS HEERLIKE LENTE

20 OKTOBER 2023

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

20 Oktober: ***BOK-VRYDAG***
Gr 6 Veldskool
Rugby 7's oefening
Gr 4 koekverkoping
21 Oktober: 7's Rugby Rooihuiskraal
23 Oktober: Leierverkiesing
Atletiekoefening 14:00
24 Oktober: Atletiekoefening 14:00
Rugby-/Netbalvaardighede Gr 3-5 15:00
o/12 Netbalproewe
25 Oktober: **ALGEMENE JAARVERGADERING 18:30**
Registrasie vanaf 17:30-18:15
Rugby-/Netbalvaardighede Gr 3-6 14:00
Immunisasie Gr 5 Seuns/Dogters
26 Oktober: Atletiekbyeenkoms P4 H/s Die Wilgers
27 Oktober: Netbal o/12 Fast Five te Affies
28 Oktober: Lentefees – Gr 7 Fondsinsameling

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 660 1118
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

BEMARKING:
Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking.
Kontak haar gerus per epos:
sarie.3v@louisleipoldt.co.za

VERLORE KLERE:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

God het aan ons twee hande gegee:
een om mee te ontvang en een om mee te gee.

Billy Graham

PERSONEEL VERJAARSDAE

16-22 Oktober 2023
Me Lelanie Louw.

LEERDER VERJAARSDAE

16-22 Oktober 2023
Bisschoff Jaydee, Choma Lefa, Nel Pieter, Van Heerden Marné, Van Tonder Waldo, Cloete Monya, Lombaard Euné, Saaijman Mia, Van Zyl Nicholas, Coetzee Nicolas, Erlank Mila, Holtzhausen Ajani, Minnie Hailey, Schilbach Marco, De Beer Zayden, Gouws Wico, Reyneke Dianet, Vroom Luke, Botha Juvandi, Cloete Judah, Du Preez Mialí, Grobler Angelica, Struwig Jane, Cornelissen Dominique, Niemand Ada, Viljoen Anné.

AFKONDIGINGS VIR LEERDERS:
Neem asb kennis dat wanneer u items by die skool vir u kind afgee, afkondigings slegs voor die twee pouses gemaak word. Dit kan dus gebeur dat die periode waarvoor items afgegee is, dan reeds verby is. U kind moet asb ook self by die kantoor kom hoor of benodigdhede afgegee is.

DIE LEIPIE SKATKIS:
Die Leipie Skatkis (tweedehandse skoolklere) is ***SLEGS*** **Maandae** vanaf **13:45-14:45** oop.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

Leipie NUUSBRIEF 2

KLAVIER: Lara vd Poll - Unisa klavier eksamen – 82
BALLET: Amelia Horn - 2 solo danse albei goud, onderskeidelik 80% , 83%, 2 groep ballet danse 83%, trofeë, goud.
DANS: Amore Le Roux - IFAA SA Dans Kompetisie - Jazz 88.75%, Ballet 90.25%, SA klere (Ballet),
Genna Claassen – International Fine Arts Association (IFAA) SA Finals. Kwalifiseer in Hip Hop en Modern vir IFAA SA Klere.

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Onderwysers neem tydens die registerperiode, 7:30 - 7:40 register. **Leeerders moet aanwesig wees in die registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk.** Leerders wat laat kom, **moet deur ouers/voogde vergesel word en by die kantoor ingeteken word.** ***Daar is steeds ouers wat leerders net aflaai wat laat is, u moet asb die leerders kom inteken.*** Die leerder sal dan 'n briefie ontvang om aan die betrokke personeellid te toon. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom, bv. 'n doktersafspraak, moet u hom/haar steeds na die kantoor vergesel en inteken, asook die rede vir laat inteken verskaf.
NB!! Ons doen 'n dringende beroep op ouers om toe te sien dat leerders in die oggende betyds by die skool afgelaai word. Klasse word ontwrig deur leerders wat laat opdaag. Moet asb ook nie leerders onnodig vroeër kom haal nie. Baie werk wat in die klas behandel word, gaan so verlore.

LEIPIE WAARDES:
Waardes word reeds van kleins af by die huis gekweek en die skool neem die verantwoordelikheid om in samewerking met die ouerhuis hierdie waardes verder by die kind in te prent en te ontwikkel. Die handhawing van goeie waardes help 'n kind om 'n sterk karakter te kweek, en 'n positiewe gesindheid en aanvaarding te wek.
By L/s Louis Leipoldt lei ons die leerders om situasies met hul waardes te hanteer. Ons fokus daarom verál op die volgende kernwaardes: ***Lojaal, Eerlik, Integriteit, Pligsgetrou, Geloof, Empatie.***

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en buitemuurse aktiwitieit.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**

IN-/UITTEKEN VAN LEERDERS:
Dit is baie belangrik dat ouers leerders by die kantoor moet uitteken wanneer leerders vroeër afgehaal word en as hulle weer terugkom skool toe, moet hulle weer teruggeteken word. Dit word in 'n baie ernstige lig beskou indien leerders tydens skoolure nie by skool nie nie, maar nêrens uitgeteken is nie.

LEERDER PRESTASIES:
Enige prestasies deur leerders kan aan die volgende personeel gestuur word:
Gr 4-7 leerders (sport) na Me Marlené Nel sport@louisleipoldt.co.za
Gr 4-7 leerders (kultuur) na Me Madeleine Strydom madeleinestrydom@louisleipoldt.co.za
Gr RR-1 leerders na Me Angelique Coetzee dpg@louisleipoldt.co.za
Gr 2-3 leerders na Me Anine v Aswegen anine.sagtebal@louisleipoldt.co.za